| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 5</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Maart 2023</u>** |
| **<u>Vraestel 1</u>** | **<u>Afdeling A</u>** | **<u>Hardoplees</u>** |

**Storie:** <u>’n Wildstorie</u>

1 Werner en Siseko woon in ’n privaatkamp in die Krugerwildtuin. Hulle pa’s is veldwagters. Naweke mag hulle saam met hulle pa’s in die veld rondry. Dis vir hulle heerlik om so naby aan al die wilde diere te woon.

2 Op ’n dag roep Werner se pa hulle. Hulle gaan te voet saam na een van die rivierpoele. Hoewel hulle ’n bietjie bang is, is hulle tog ook opgewonde. Hulle besef dat hulle baie waaksaam sal moet wees.

3 “Ons moet baie versigtig wees. Enige dier kan in die gras wegkruip,” fluister Werner se pa. Hulle loer versigtig rond.

4 Veraf hoor hulle ’n geproes en ’n geblaas by die rivier. Dis beslis die seekoeie. Toe hulle by die rivierbedding kom, sien hulle ’n spoor in die sand.

5 “Dit is ’n leeuspoor,” sê Werner.

6 “Dis reg,” sê sy pa. Hy is trots op sy seun, aangesien hy leeuspore kan uitken. “Hoewel leeus baie groot is, trap hulle ligvoets. Die naels word heeltemal ingetrek as hulle loop.”

7 Die volgende naweek ry Siseko en Werner met ’n viertrekvoertuig saam met hulle pa’s veld toe. Dis doodstil in die veld, net die voertuig se masjien word gehoor. Hulle ry skielik stadiger. Hulle hou stil. ’n Ent van die pad af lê ’n buffelkarkas. Die karkas is oortrek met aasvoëls wat op die karkas toegesak het. Al die aasvoëls is besmeer met bloed. Die gulsige voëls druk sommer hulle koppe tussen die ribbes in en skeur stukkies vleis los. Aasvoëls word dan ook die veld se “vullisverwyderaars” genoem.

8 “Dit is voorwaar ’n voorreg om elke naweek in die veld te ry en al die diere dop te hou. Sodoende leer ons regtig baie omtrent die natuur, die diere en hoe hulle optree,” sê Werner.

**<u>Hardoplees</u>**
*’n Wildstorie.*

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Graad 5** **Afrikaans Huistaal** **Maart 2023**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Toespraak:** Vriende is soos vrugteslaai

1 Voorsitter, vriende is soos vrugteslaai. Wys my die persoon wat nie van vrugteslaai hou nie. Net so het ons almal ware vriende of vriendinne nodig.

2 Dames en here, ons het verskillende geure en kleure in ons vrugteslaai van vriendskap nodig. Elke vriend of vriendin het sy of haar plekkie in jou lewe.

3 Die "piesangvriend" is daardie vriend of vriendin wat dieper as die skil, tot in jou hart, kan kyk. Hulle sal dadelik weet as daar iets is wat jou hinder. Hulle is vriende of vriendinne op wie jy te alle tye kan staatmaak. Geen opoffering is te groot vir hulle nie. Hulle sal jou te alle tye bystaan. Dis vriende of vriendinne met wie jy jou diepste geheime kan deel en jy weet dat dit net tussen julle twee sal bly. Dis vriende wat jy nie sommer wil verloor nie.

4 Die "pynappelvriende" sal altyd vir jou baklei as jy nie meer vir jouself kan opstaan nie. Dit is juis hierdie vriende wat vir jou teen boeliery sal probeer beskerm.

5 Die "kersievriende" is soet en prettig! Hulle gee kleur en geur aan jou vriende-vrugteslaai. Hoewel jy nou wel nie jou diepste geheime met hulle sal deel of altyd op hulle kan staatmaak nie, is hulle die vriende of vriendinne wat jou altyd sal opbeur as jy moedeloos of depressief is.

6 'n Mengsel van vrugte maak 'n heerlike vrugteslaai. Net so sorg verskillende mense in jou lewe vir jou vriendekring.

**1 Hoe hou die inhoud van hierdie luisterteks verband met die titel? /1**
**2 Watter TWEE verskille is daar tussen die ''piesangvriende'' en die ''kersievriende''? /2**
**3 Is die inhoud van hierdie luisterteks geloofwaardig? Bespreek. /1**
**4 Noem slegs EEN rede waarom jy soms *depressief* mag wees. /1**

**Praat:** Toespraak
*Die belangrikheid van ouerbetrokkenheid by die kind.*

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud, feite en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik en woordeskat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beklemtoning, hoorbaarheid en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 5** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2023** |
| **Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip** |

**1 Instruksieteks:** Druiwe-ysies

**Instruksie:** Maak druiwe-ysies

**Bestanddele:**

- 4 koppies water
- 2 koppies suiker
- 2 koppies druiwesap
- ½ koppie lemoensap
- 2 eetlepels suurlemoensap

**Benodigdhede:**

- ’n koppie
- ’n eetlepel
- stokkies

**Instruksies:**

1 Kook die water en suiker vir 5 minute op die stoof.
2 Gooi die onderskeie vrugtesappe bymekaar en meng.
3 Gooi hierdie mengsel by die water en suiker.
4 Laat dit afkoel.
5 Gooi hierdie mengsel in vormpies of in ’n ysbakkie.
6 Plaas ’n stokkie in elke vormpie of ysbakkie.
7 Vries dit.

**1.1 Noem slegs EEN *vrugtesap*.** (1)
**1.2 Watter droë bestanddeel word in hierdie druiwe-ysies aangetref?** (1)
**1.3 Verskaf die rede waarom elke instruksie met ’n *werkwoord* begin.** (1)
**1.4 Waarom word die *instruksies* in die teenwoordige tyd aangedui?** (1)
**1.5 Waarom begin elke instruksie nie met “Jy moet…” nie?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**1 Beskrywende teks:** Sannie Sewetoon

1 Sannie is kort en rond soos ’n strandbal.

2 Sy het lang, dun arms en drie bene. Die duim aan haar regterhand ontbreek. Gevolglik hou sy haar pen tussen haar wysvinger en haar middelvinger vas. Haar voete is yslik groot en sy het sewe tone aan elke voet. Dit is die rede waarom sy reeds kleintyd die naam van *Sannie Sewetoon* gekry het.

3 Haar pa en ma is al raadop, want sy dra reeds ’n nommer-dertien-skoen en hulle moet elke keer twee pare skoene koop.

4 Boonop sukkel sy om te eet, want die arme kind het net vier tande. Haar hare is gelukkig lank en sy spog met die mooiste swart krulle. Sannie dans graag, maar sukkel ’n bietjie met die derde been. Sy het groot oë en is nogal trots daarop dat die een bruin is en die ander een blou. Haar hele gesiggie is vol sproete. Sy het die oulikste klein wipneusie.

5 Sy dra altyd ’n kort, rooi rokkie.

6 Al is Sannie effens snaaks gebou, is sy baie gewild en het sy baie maats.

**2.1 Waarom word Sannie met ’n strandbal vergelyk?** (1)
**2.2 Hoe verskil Sannie se voete van ander mense s’n?** (1)
**2.3 Hoe hou die inhoud van paragraaf 2 verband met die opskrif?** (1)
**2.4 Wat is die oorsaak waarom Sannie dit moeilik vind om te dans?** (1)
**2.5 Verskaf slegs EEN rede waarom die bostaande teks ’n voorbeeld van ’n beskrywende teks is.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2** **Inligtingteks:** <u>Dosyne feite oor dolfyne</u>

1 Daar kom wêreldwyd 33 spesies oseaandolfyne in vlak seewater voor. Daar is ook vyf spesies rivierdolfyne in Suid-Amerika en Suidoos-Asië.

2 Dolfyne is vriendelik en liefdevol.

3 Hulle versorg hul kalfies baie goed en leer hulle baie vaardighede aan. Hulle soog hul kalfies 12 tot 18 maande lank en versorg hul vyf tot agt jaar lank.

4 Dolfyne kan nie onder die water asemhaal nie. Hulle haal bo die wateroppervlakte asem deur blaasgate bo-op hulle koppe. Hulle voorkoppe is rond en hulle het groot oë naby hulle mondhoeke. Hulle is grys met donkerder rûe en ligter mae. Hulle is tussen 1,2 m en 9,5 m lank.

5 Dolfyne se sintuie is goed ontwikkel en hulle is heel intelligent. Hulle kan maklik toertjies aanleer en kan tot ses meter uit die water spring.

6 Dolfyne kan goed met mekaar kommunikeer deur klik- en fluitgeuide. Dis waarom dolfyne so goed saamwerk in spanne en in sosiale skole van verskillende groottes leef. Hulle jag in groepe deur ’n skool visse te omring en gevange te hou. Omdat hulle karnivore is, vreet hulle enige beskikbare vissoorte, inkvis en skaaldiere. Hulle kan 14 kg vis per dag eet.

7 Dolfyne kan 50 jaar oud word.

8 Hulle beleef ook emosies soos liefde, hartseer en trots. Hulle is warmbloedige soogdiere en nie koudbloedige visse nie.

9 Hulle beskerm selfs mense wat in die see in die moeilikheid raak.

**3.1 Noem slegs EEN goeie <u>karaktereienskap</u> waaroor dolfyne beskik.** (1)

**3.2 Waarom sou jy sê dat dolfyne *soogdiere* is? Verskaf slegs EEN <u>rede</u>.** (1)

**3.3 Verskaf die <u>rede</u> waarom jy sou sê dat dolfyne maklik toertjies kan aanleer.** (1)

**3.4 Noem slegs EEN manier hoe dolfyne van visse <u>verskil</u>.** (1)

**3.5 Is die *inhoud* van die bostaande Inligtingteks <u>geloofwaardig</u>? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (1)

**3.6 Waarom sou jy sê dat die bostaande leesteks nie ’n voorbeeld van ’n <u>verhalende teks</u> is nie? Verskaf TWEE redes.** (2)

**Totaal: 7** **/7**

**3** **Mite:** Zoem-zoem

1 Een somersoggend, in die middel van die bos, het die insekte vergadering gehou oor die kosvoorraad wat vir die winter bymekaargemaak moet word.

2 Almal was daar. Die miere het in rye op aandag gestaan en wag vir die opening. Die sprinkane het soos standbeelde op die blare gewag. Die miskruiers het in kringetjies gestaan en fluister. Die bye was egter die grootste groep. Hulle was hard aan die kuier en lag.

3 Tokkie Toktokkie tok met sy stok op die grond en begin praat, maar die bye raas so hard dat niemand hom kan hoor nie. Tokkie swaai sy stok en roep hard: "Bye, bly asseblief stil sodat ons met die vergadering kan begin!"

4 Die bye skrik vir sy kwaai stem, maar ook net vir 'n kort rukkie. Binne 'n paar minute is hulle weer kliphard aan die praat. Weer sê Tokkie: "Bye, ek waarsku julle nou vir die laaste keer. Bly asseblief tog net stil!"

5 Vir 'n tydjie was alles stil. Nie lank nie, of die bye begin weer klets. Hulle kom nie eers agter dat hulle so hard gesels nie.

6 Dis toe dat Tokkie hom vererg, sy stok optel en drie keer op die grond stamp: Tok-tok-tok! Hy roep ook die hulp van Pruis, die god van weerlig, en Echo, die god van aardbewings, in. Die weerlig blits en die aarde skud. Skielik was die bye stil. Hulle het so groot geskrik dat hulle hul stem verloor het. Al wat die ander insekte kon hoor, was zoem… zoem… zoem... soos hulle probeer het om klanke te maak.

7 Tot vandag toe kan bye net aanmekaar zoem-zoem-zoem. As die bye tog maar net gehoorsaam was en stilgebly het, was dit nie vir Tokkie nodig om die hulp van Pruis, die god van weerlig, en Echo, die god van aardbewings, in te roep nie.

**3.1 Luister na paragraaf 1. Bespreek die ruimte.** (1)
**4.2 Wie is die leier van hierdie vergadering?** (1)
**4.3 Met watter probleem het Tokkie gesit?** (1)
**4.4 Met wie se hulp het Tokkie die probleem *opgelos*?** (2)
**4.5 Watter nadelige gevolge het dit vir die bye ingehou nadat die weerlig geblits en die aarde geskud het?** (1)
**4.6 Watter morele les leer ons uit die bostaande mite?** (1)

**Totaal : 7** **/7**

**4 Gedig:** Eina-woorde

1 Richard is nie mooi gebou nie,
sy voete staan skoon krom.
Hy wou nie so gewees het nie,
dit het vanself gekom.

2 Die ander noem hom Horrelpoot;
dit maak sy hart só seer.
Hy het nie eens ’n maatjie nie,
al het hy hóé probeer.

3 Richard praat van niemand sleg nie,
wat hom mooi van binne maak.
Maar mense wat so staar na hom,
sien net wat buitekant is, raak.

4 Wat ons sê, kan vreeslik seermaak
soms is dit net een woord.
Is ons versigtig voor ons praat?
Of pleeg ons woorde-moord?

Geneem uit: *Platinum Afrikaans Huistaal*

**5.1 Watter woord in strofe 2 rym met “seer”?** (1)
**5.2 Dui die rympatroon in strofe 3 aan.** (1)
**5.3 Hoe noem ons ’n *strofe* wat uit 4 versreëls bestaan?** (1)
**5.4 Lees strofe 3. Oor watter goeie karaktereienskap beskik Richard?** (1)
**5.5 Skryf die versreël in strofe 4 neer waar ons assonansie aantref.** (1)
**5.6 Hoe sluit die titel by die inhoud van die gedig aan?** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Graad 5** **Afrikaans Huistaal** **Maart 2023**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Koerantberig:** Huberta op einde van haar pad

24 April 1931 *Kroongolf-Nuus*

1 Die seekoei, Huberta, het al diep in Suid-Afrikaners se harte ingekruip. Maar haar pad het gister tot ’n einde gekom. ’n Groep jagters het haar gister in die Keiskammarivier geskiet.

2 Die land het in 1928 van Huberta te hore gekom. Sy het besluit om haar blyplek in St. Lucia in KwaZulu-Natal te verlaat en ’n ander “huis” te soek.

3 Almal het gedink dat sy ’n bul was. Hulle het haar toe Hubert gedoop. Later het die mense uitgevind dat sy ’n seekoei-koei is. Haar naam is dadelik verander na Huberta.

4 Huberta het ’n ruk lank in die Mhlangarivier gebly. Mense het haar ook in die see se skuimende branders sien baljaar. Later is sy gevang. Sy moes na die Johannesburg-dieretuin gaan. Huberta het niks daarvan gehou nie. Sy het weggeglip en verder geloop. Die regering het dit onwettig gemaak om Huberta te jag. Sy het in 1931 in die Oos-Kaap aangekom. Dis hier waar haar lang reis tot ’n einde gekom het. Huberta het 1 600 kilometer gestap na haar nuwe huis.

**1 Verdeel die onderstreepte woord in reël 3 in lettergrepe.** (1)
**2 Skryf die onderstreepte sin in reëls 4–6 oor in die teenwoordige tyd.** (1)
**3 Skryf die besitlike voornaamwoord in reël 5 neer.** (1)
**4 Skryf die onderstreepte sin in reël 7 oor in die ontkennende vorm.** (1)
**5 Skryf die soortnaamwoord in reël 7 neer.** (1)
**6 Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 9.** (1)
**7 Vorm ’n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 10.** (1)
**8 Skryf die byvoeglike naamwoord in reël 11 neer.** (1)
**9 Skryf die onderstreepte sin in reëls 11–12 oor in die toekomende tyd.** (1)
**10 Skryf die samestelling in reël 12 neer.** (1)
**11 Skryf die onderwerp in reël 12 neer.** (1)
**12 Skryf die basiswoord van die onderstreepte woord in reël 14 neer.** (1)
**13 Skryf die onderstreepte sin in reël 15 oor as ’n vraagsin.** (1)
**14 Gee die afkorting vir die onderstreepte woord in reël 16.** (1)
**15 Verbind die onderstaande TWEE sinne met ’n *voegwoord*.**

*Huberta se naam is verander. Sy was nie ’n bul nie.* (1)

**Totaal: 15** **/15**

| **<u>Graad 5</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Vraestel 3</u>** |
|---|---|---|

**Skryf 'n <u>verhalende opstel</u> van 120–140 woorde oor EEN van die volgende.**

Waarom is party mense tog so wreed. / Ek sal die lewe nie altyd verstaan nie.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, chronologie en skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe en emosies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en ruimte: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>legende</u> van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.**

So beland hy in die mag van die kwaad. /
Ronald, die muskietjagter, word 'n held.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe, emosies en morele les: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en ruimte: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal : 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n <u>gedig</u> van 40–60 woorde oor EEN van die volgende.**

Tannie Hester Seerbeen. / Vriende.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, interessant en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Rym, beeldspraak en stylfigure: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>instruksieteks</u> van 40–60 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Hoe om 'n vuur aan te pak en te braai. / Hoe om 'n koek vir die basaar te bak.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, taalgebruik en instruksies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, benodigdhede en bestanddele: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal : 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Memorandum**

**Toespraak:** Vriende is soos vrugteslaai

1 Net soos daar verskillende soorte vrugte in ’n vrugteslaai voorkom, het ons ook verskillende soorte vriende in ons vriendekring. (1)

2 Hoewel hulle jou altyd sal opbeur, sal jy nooit jou diepste geheime met hulle deel ✔of altyd op hulle kan staatmaak nie. ✔ (2)

3 Ja. Jy het verskillende soorte vriende in jou vriendekring.
**(enige ander aanvaarbare antwoord wat betrekking op die inhoud het)** (1)

4 Ek word by die skool geboelie.
**(enige ander aanvaarbare antwoord)** (1)

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Memorandum**

**1 Instruksieteks:** Druiwe-ysies

1.1 Druiwesap / lemoensap / suurlemoensap **(slegs EEN)** (1)
1.2 Suiker (1)
1.3 Die instruksie wat gevolg moet word, word deur die werkwoord ingelei, aangesien die werkwoord dui op wat ons moet doen. (1)
1.4 Elke instruksie moet in die hede uitgevoer word. (1)
1.5 Nie slegs jy volg hierdie resep om druiwe-ysies te maak nie, maar ***elkeen*** wat druiwe-ysies wil maak, volg hierdie resep. (1)

**2 Beskrywende teks:** Sannie Sewetoon

2.1 Aangesien sy so rond soos ’n strandbal is. (1)
2.2 Sy het sewe tone aan elke voet. (1)
2.3 Sy het die naam Sannie Sewetoon gekry, aangesien sy sewe tone aan elke voet het. (1)
2.4 Aangesien sy drie bene het. (1)
2.5 Die voorkoms van Sannie word hier beskryf. /
Die teks is in die teenwoordige tyd geskryf. /
Hier word van beskrywende woorde en frases gebruik gemaak. /
Beeldspraak word hier aangetref. **(slegs EEN)** (1)

**3 Inligtingteks:** <u>Dosyne feite oor dolfyne</u>

3.1 Hulle is vriendelik. /
Hulle is liefdevol. /
Hulle beskerm mense wat in die see in die moeilikheid raak. **(slegs EEN)** (1)

3.2 Hulle skenk geboorte aan die klein kalfies. /
Hulle soog hul kalfies. /
Hulle kan nie onder die water asemhaal nie. /
Hulle is warmbloedig. **(slegs EEN)** (1)

3.3 Aangesien hulle intelligent is. (1)

3.4

| <u>Dolfyne</u> | <u>Visse</u> |
|---|---|
| Hulle skenk geboorte. | Hulle lê eiers. |
| Hulle soog hulle kalfies. | Hulle soog nie die klein vissies nie. |
| Hulle haal bo die water asem. | Hulle haal onder die water asem. |
| Hulle is warmbloedig. | Hulle is koudbloedig. |

**(slegs EEN verskil)** (1)

3.5 Ja. Enige realistiese antwoord wat met die *inhoud* van die bostaande inligtingteks verband hou. (1)

3.6.1 Hier word nie 'n storie vertel nie.
3.6.2 Geen karakterontwikkeling vind hier plaas nie.
3.6.3 Gebeure volg mekaar nie *chronologies* op nie.
3.6.4 Gebeure loop nie op na 'n klimaks nie.
3.6.5 Slegs wetenskaplike feite word genoem. Dus, dit is nie verhalend van aard nie.
3.6.6 Die verbeelding speel nie 'n rol nie. **(slegs TWEE)** (2)

**4 Mite:** <u>Zoem-zoem</u>

4.1 In die middel van die bos. (1)
4.2 Tokkie-Toktokkie is die leier. (1)
4.3 Die bye wou nie stilbly sodat hy met die vergadering kon begin nie. (1)
4.4 Hy het die probleem met die hulp van Pruis, die god van weerlig, ✔en Echo, die god van aardbewings, ✔opgelos. (2)
4.5 Hulle kon nie meer gesels nie, maar slegs zoem. (1)
4.6 Dat ons gehoorsaam moet wees. /
Dat ons mekaar sal respekteer. **(slegs EEN)** (1)

**5** **Gedig:** Eina-woorde

4.1 "Die ander noem hom Horrelpoot;
dit maak sy hart só seer.
Hy het nie eens 'n maatjie nie,
Al het hy hóé **probeer**." (1)

4.2 "Richard praat van niemand sleg **nie**, **a**
wat hom mooi van binne **maak**. **b**
Maar mense wat so staar na **hom**, **c**
sien net wat buitekant is, **raak**." **b** (1)

5.3 Ons noem 'n strofe wat uit vier versreëls bestaan, 'n kwatryn. (1)

5.4 Hy praat van niemand sleg nie. (1)

5.5 "Wat ons sê, kan vreeslik seermaak
soms is dit net een woord.
Is ons versigtig voor ons praat?
Of pleeg ons ***woorde-moord***?" (1)

5.6 Dit het vir Richard seergemaak omdat die kinders hom gespot en hom "Horrelpoot" genoem het. (1)

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Memorandum**

**Koerantberig:** Huberta op einde van haar pad

1 **Lettergreepverdeling**
Keiskammarivier - Keis/kam/ma/ri/vier

2 **Teenwoordige tyd**
Sy besluit om haar blyplek in St. Lucia in KwaZulu-Natal te verlaat en ’n ander “huis” te soek.

3 **Besitlike voornaamwoord**
Sy verlaat haar blyplek.

4 **Ontkennende vorm**
Niemand het gedink dat sy ’n bul was nie. /
Nie álmal het gedink dat sy ’n bul was nie. **(slegs EEN)**

5 **Soortnaamwoord**
Almal het gedink dat sy ’n bul was.

6 **Sinoniem**
Haar naam is onmiddellik verander na Huberta.

7 **Afgeleide werkwoord**
Lank - Verleng

8 **Byvoeglike naamwoord**
Sy baljaar in die see se skuimende branders.

9 **Toekomende tyd**
Sy sal na die Johannesburg-dieretuin moet gaan.

10 **Samestelling**
Johannesburg-dieretuin

11 **Onderwerp**
Huberta het niks daarvan gehou nie.

12 **Basiswoord**
Onwettig - wet

13 **Vraagsin**
Is dit hier waar haar lang reis tot ’n einde gekom het?

14 **Afkorting**
Huberta het 1 600 km gestap.

15 **Veelvoudige sin**
Huberta se naam is verander, aangesien sy nie ’n bul was nie. /
Huberta se naam is verander, omdat sy nie ’n bul was nie. **(slegs EEN)**

**Naslaanbronne** **Maart 2023**

**Toespraak:** Vriende soos vrugteslaai
**Platinum Afrikaans Huistaal**
**Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012**
*J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, L Hofmeyr, J Hugo, W Louw, M Mihai, R van Oort, R van Rooy*

**Instruksieteks:** Druiwe-ysies
**Kroonsteen-reeks** ***Liplekker leesdinge***
**Best books 2009**
*Fanie Viljoen, Marita van Aswegen*

**Beskrywende teks:** Sannie Sewetoon
**Almal Verstaan Afrikaans**
**Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk, 2012**
*R Ferreira, M van den Heever*

**Inligtingteks:** Dosyne feite oor dolfyne
**Platinum Afrikaans Huistaal**
**Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012**
*J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, L Hofmeyr, J Hugo, W Louw, M Mihai, R van Oort, R van Rooy*

**Mite:** Zoem-zoem
**Platinum Afrikaans Huistaal**
**Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012**
*J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, L Hofmeyr, J Hugo, W Louw, M Mihai, R van Oort, R van Rooy*

**Gedig:** Eina-woorde
**Platinum Afrikaans Huistaal**
**Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012**
*J Biesenbach, A Engelbrecht, C Henning, L Hofmeyr, J Hugo, W Louw, M Mihai, R van Oort, R van Rooy*

**Koerantberig:** Huberta op einde van haar pad
**Kroonsteen-reeks** ***Liplekker leesdinge***
**Best Books, 2009**
*Fanie Viljoen, Marita van Aswegen*